# DIE SLAG VAN BAKENLAAGTE, 30 OKTOBER 1901

Leopold Scholtz
*Randse Afrikaanse Universiteit*

## I. *Die Bronne*

Argivale navorsing vir hierdie artikel is uitsluitlik in die Transvaalse argiefbewaarplek te Pretoria gedoen. Die beskikbare stof het egter grootliks teleurstellend geblyk te wees. Die enigste argiefgroep wat iets noemenswaardig opgelewer het, is die dr. G. S. Preller-versameling. Daarvan is die korrespondensie van genls. Louis Botha, H. A. Alberts en P. R. Viljoen deurgewerk, asook die herinnerings, dagboeke en verklarings van verskeie oudstyders. In die korrespondensie van genl. Botha is alleen 'n aantal briewe gevind waarin verskillende offisiere aangesê is om hy hom aan te sluit, asook 'n paar saaklike verwysings na die slag ná 30 Oktober 1901. Die korrespondensie van genl. Alberts het niks opgelewer nie, terwyl uit genl. Viljoen se versameling slegs 'n enkele brief lig op die saak kon werp. Uit die ander geraadpleegde bande kon ook nie veel gehaal word nie. Uit die N. J. de Wet- en Schalk Burger-versamelings is elk 'n enkele stuk gebruik.

Van Boerekant moes daar dus hoofsaaklik op geskrewe herinnerings staatgemaak word. In hierdie verband moet daar veral verwys word na W. H. Ackermann: *Opsaal* (Johannesburg, 1969), wat hoofsaaklik op ongepubliseerde herinnerings berus. In sommige opsigte was dié werk ook ietwat onbevredigend; 'n mens sou verkies het om die „rou" herinnerings voor jou te hê, in plaas van die verwerkte vorm daarvan. Vier artikels oor die slag van Bakenlaagte (waarvan drie ooggetuieverslae) wat in die dertigerjare in *Die Huisgenoot* verskyn het, het ook baie vrae help beantwoord. Vir die aandeel en mislukking van die Heidelbergse kommando in die geveg, is veral dr. Hero Tilemann se gepubliseerde dagboek belangrik.

'n Bron wat moontlik veel kon opgelewer het, is P. A. Nierstrasz se *Der Südafrikanische* Krieg wat in die Leyds-argief in Pretoria berus. Die betrokke bande het ongelukkig soekgeraak, sodat hulle nie geraadpleeg kon word nie.

Soos hieruit afgelei kan word, is die bronne van Boerekant uiters fragmentaries. Anders is dit van Britse kant. Sowel die *Official History* as die *Times History* bevat uitstekende beskrywings van die slag. Hierdie twee bronne is onontbeerlik vir 'n beskrywing daarvan.

## II. *Die Boere-eenhede in die Slag*

Om vas te stel watter Britse eenhede aan die slag deelgeneem het, is geen probleem nie. Die *Official History* en *Times History* bestee voldoende aandag daaraan, en mettertyd sal dit nog by die beskrywing van die slag behandel word. Aan Boerekant is dit egter nie so maklik

nie. Omdat die bronne so karig en onvolledig is, lyk dit geregverdig om in 'n afsonderlike afdeling na te gaan watter kommando's en hoofoffisiere aan die slag deelgeneem het, veral ook omdat hierdie aspek nog nooit behandel is nie.

Benewens kommandant-generaal Louis Botha, wat as opperbevelhebber opgetree het, was die volgende offisiere en kommando's teenwoordig: veggenl. Coen Brits wat in Junie 1901 oor die distrikte Standerton, Bethal en 'n deel van Middelburg aangestel is;[1] komdt. J. J. Alberts met 'n deel van die Standerton-kommando;[2] komdt. H. S. Grobler met die hele Bethal-kommando;[3] komdt. Willie Steyn met die deel van die Middelburgse kommando wat suid van die Delgoabaai-spoorlyn opgetree het;[4] veggenl. P. R. Viljoen, wat na die dood van genl. C. Spruyt oor die hele distrik Heidelberg aangestel is;[5] komdt. (later genl.) H. A. Alberts met 'n deel van die Heidelberg-kommando;[6] komdt. W. F. Pretorius met nog 'n deel van die Heidelberg-kommando;[7] veggenl. J. N. H. Grobler, wat op 23 Oktober 1901 oor die distrik Ermelo aangestel is;[8] en komdt. W. H. Bührmann met wyke I en II van die Ermelo-kommndo. (Wyk III het as gevolg van 'n misverstand nie deelgeneem nie.)[9]

Dan het ook die volgende los kommando's en verkennerskorpse die slag meegemaak: komdt. J. P. N. Prinsloo met 'n deel van die Pretoriase kommando;[10] komdt. P. C. (Oubaas) van Niekerk met 'n deel van die Germiston-Boksburg-kommando;[11] kapt. J. J. Naudé en sy ver-

1. G. S. Preller en F. V. Engelenburg: Onze Krijgsofficieren (Pretoria, 1904), p.12.
2. G. S. Preller-versameling 81, p. 189, verklaring van 'n onbekende; ibid., p.112, verklaring van mnr. N. J. Grobler. Vgl. ook Preller en Engelenburg: Onze Krijgsofficieren, p.80 en W. H. Ackermann: Opsaal (Johannesburg, 1969) p.80.
3. Preller en Engelenburg: Onze Krijgsofficieren, p.118; Ackermann: Opsaal, p.63; H. D. Pohl, Die Slag op Bakenlaagte in Die Huisgenoot, 24/2/1939 (voortaan aangehaal as Die Huisgenoot, 24/2/1939, artikel van H. D. Pohl); J. I. Rademeyer: Die Slags van Bakenlaagte, p.180, in Historia, 1958.
4. Die Huisgenoot, 24/2/1939, antwoord van E. J. Weeber op die artikel van H. D. Pohl; Ackermann, Opsaal, p.63.
5. Preller-versameling 10, p.36, brief van genl. L. Botha aan genl. Ben Viljoen, 27/10/1901; Preller en Engelenburg: Onze Krijgsofficieren, p.72.
6. Preller en Engelenburg: Onze Krijgsofficieren, p.8; Ackermann: Opsaal, p.70 (Ackermann beweer dat Alberts toe al generaal was, maar dit is beslis foutief); Die Huisgenoot, 24/2/1939, artikel van H. D. Pohl.
7. Die Huisgenoot, 12/5/1939, brief van N. J. Grobler. Vgl. ook Preller en Engelenburg: Onze Krijgsofficieren, p.152.
8. Preller-versameling 10, p.35, brief van genl. L. Botha aan genl. Grobler, 27/10/1901; Ackermann: Opsaal, p.70; Evert Dommisse: Bakenlaagte Nogeens, in Die Huisgenoot 12/5/1939 (voortaan aangehaal as Die Huisgenoot, 12/5/1939, artikel van Evert Dommisse).
9. Preller en Engelenburg: Onze Krijgsofficieren, p.104; Die Huisgenoot, 12/5/1939, artikel van Evert Dommisse; Johannes Bührmann: Bakenlaagte, in Die Huisgenoot, 29/11/1935 (voortaan aangehaal as Die Huisgenoot, 29/11/1935, artikel van Johannes Bührmann); Die Hoëvelder, 19/11/1951.
10. Die Huisgenoot, 24/2/1937, artikel van H. D. Pohl; Die Huisgenoot, 12/5/1939, artikel van Evert Dommisse; Ackermann, Opsaal, p.70; L. S. Amery (red.): The Times History of the War in South Africa, V, (Londen, 1907), p.365.
11. N. J. de Wet-versameling 4, p.64, brief van genl. Botha aan komdt. Van Niekerk, 23/10/1901; Die Huisgenoot, 24/2/1939, artikel van H. D. Pohl;

kennerskorps;[12] kapt. Gert van Rensburg en sy verkennerskorps,[13] en kapt. „Rooi" George Rademeyer en sy verkennerskorps.[14]

Oor twee eenhede kon daar nie duidelikheid verkry word nie, t.w. die kommando van Wakkerstroom en die Swazilandse polisie. Genl. Botha meld op 12 November 1901 in 'n brief aan genl. Christiaan de Wet dat 'n sekere veldkornet Greyling van Wakkerstroom by Bakenlaagte gesneuwel het.[15] Aangesien geen bevestiging gevind kon word dat die Wakkerstroomse kommando inderdaad aanwesig was nie, kan daar aangeneem word dat slegs 'n paar mense van dié distrik ook aan die slag deelgeneem het.

Die *Times History* meld dat ook die Swazilandse polisie deelgeneem het.[16] Hoewel dit nêrens bevestig word nie, is daar ook geen getuienis om dit teen te spreek nie. Dit bly daarom 'n ope vraag.

'n Paar eenhede en offisiere word wel in sommige bronne genoem, maar op grond van ander feite kan die gevolgtrekking gemaak word dat hulle nie by die geveg was nie. Komdt. S. P. E. Trichardt word deur sowel Scholtz as die *Times History* genoem[17], maar uit die konteks waar hy voorkom, kan afgelei word dat hy met komdt. Willie Steyn verwar word. Trichardt het trouens noord van die spoorweg geopereer.[18] Die *Times History* beweer ook dat maj. J. F. Wolmarans met die Staatsartillerie, asook die Carolina-kommando aanwesig was[19], maar uit die verloop van die slags self blyk dat daar geen eenheid artilleriste was nie, terwyl F. J. Grobler in *Die Carolina-kommando in die Tweede Vryheidsoorlog* (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1960) niks oor iets van dié aard skryf nie.

## III *Die Voorspel tot die Slag*

Teen die lente van 1901 het die Tweede Vryheidsoorlog reeds twee jaar lank gewoed. Na die aanvanklike Boeresuksesse in Natal en Noord-Kaapland, is beide Republieke deur die Engelse magte oorstroom. Die Boere was genoodsaak om tot guerilla-oorlogvoering oor te gaan, met die groot driemanskap, genls. Christiaan de Wet, Koos de la Rey en Louis Botha aan die spits. Onophoudelik het hulle rondgetrek, snel op Engelse afdelings toegeslaan en weer geretireer. Veldslae soos Sannahspost, Nooitgedacht en Chrissiesmeer het voorbeelde geword van hoe vasberade aanvoerders in ongereelde oorlogvoering die vyand hard kon slaan en in verwarring bring.

Toe die winter van 1901 aanbreek, het die bittere koue Boer sowel as Brit egter gedwing om hul krygsaktiwiteite in te kort. So was die enigste

12. G. D. Scholtz: In Doodsgevaar (Johannesburg, 1941), p. 171; Ackermann Opsaal, p.63.
13. Ibid.
14. Die Huisgenoot, 12/5/1939, artikel van Evert Dommisse.
15. Preller-versameling 10, p.42, brief van genl. Botha aan genl. De Wet, 12/11/1901
16. Amery, Times History, V, p.367.
17. Scholtz: In Doodsgevaar, p.63; Amery: Times History, V, p.365.
18. Preller en Engelenburg: Onze Krijgsofficieren, p.174.
19. Amery: Times History, V, pp.365 en 367.

geveg van betekenis op die Oos-Transvaalse Hoëveld in dié tyd, die slag van Wilmansrust (12 Junie 1901), toe genl. C. H. Muller daarin geslaag het om 'n afdeling Australiërs in die pan te hak. 'n Paar dae later, op 20 en 21 Junie, het die Transvaalse regerings by Branddrift, aan die Watervalrivier in die distrik Standerton, bymekaargekom. Daar het hulle o.a. besluit dat die tempo van oorlogvoering weer versnel moes word. Die Kaapkolonie sou opnuut binnegeval word, terwyl Botha die Natalse grens sou oorsteek.[20]

Eers drie maande later het dit sover gekom. Botha het die meeste van sy kommando's versamel en suidooswaarts opgeruk. Dit was die teken vir die algemene lente-herlewing in die Boere se oorlogspoging. Verskeie faktore was egter daarvoor verantwoordelik dat dit tog misluk het. Teen die begin van Oktober was hy terug op die Hoëveld.[21]

Hy het die Hoëveld egter nie gevind soos hy dit gelaat het nie. „Het spijt mij te moeten melden dat vijand gedurende mijne afwesigheid geslaagd heeft ongeveer 70 onzer burgers op het Hoogeveld te vangen", het hy mismoedig aan genl. De Wet gerapporteer.[22] Dit was die kolonne van kolonel G. E. Benson, wat sy spore reeds in die slag van Magersfontein en later in Wes-Transvaal verdien het[23], wat hiervoor verantwoordelik was. Benson het deur ondervinding 'n skerp insig in die beginsels en sielkunde van die guerilla-oorlog opgedoen. Hy het besef dat die toegewyde Boereruiter, goed gewapen en uitstekend aangelê vir ongereelde oorlogvoering, sy gelyke in die Britse leër nie geken het nie. In die eerste plek het hy die Boere se suksesvolle metodes met bruikbare Britse metodes geïntegreer. Hy het die gewone kolonne met waens en infanterie as bewegende basis gebruik, met snelle en mobiele perdekommando's, waarmee hy tot 70 km. van sy laer af kon optree. Verder het hy die bekende militêre beginsel toegepas dat die vyand nie toegelaat moet word om sy sterk punte uit te buit nie. Daarom moes die Boere verras word, meestal vroeg in die oggend as hulle nog slaap. Benson het ook een van die knapste inligtingsoffisiere in die Britse leër, kol. A. Wools-Sampson, tot sy beskikking gehad. Wools-Sampson het op groot skaal van Boereverraaiers en plaaslike Nie-blankes gebruik gemaak.[24] In kombinasie was die twee offisiere só suksesvol, dat hulle die skrik van die Boere op die Hoëveld geword het. In September alleen is altesaam 117 Boere met dié strategie gevang.[25] Dit het inderdaad gelyk asof Benson 'n antwoord op die Boere se guerillametodes gevind het.

20. W. L. von R. Scholtz: Die Betrekkinge tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1899-1902 (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, RAU, 1971), pp.182-183.
21. Amery: Times History, V, pp.333-359.
22. Preller-versameling 10, p.27, brief van genl. Botha aan genl. De Wet, 14/10/1901.
23. Amery: Times History, V, pp.397-399; M. H. Grant: History of the War in South Africa, IV, p.131 (voortaan aangehaal as Official History).
24. Vgl. Amery: Times History, V, p.364; Ackermann: Opsaal, pp. 59-62; Hero Tilemann: Tagebuchblätter eines deutschen Arztes aus dem Burenkriege (München, 1910), p.330.
25. Official History IV, p.304. Hierdie syfer moes as meer betroubaar as dié van genl. Botha beskou word.

Nadat Benson die distrik Carolina skoongevee het van burgers, het hy aan die begin van Oktober opgetrek in die rigting van Bethal. Maar sy naam het hom vooruitgeloop: Die Bethallers het gesorg dat hulle nooit meer as een keer op 'n bepaalde plek oornag het nie, en dat hulle so vroeg as 0300 uur al opgesaal het. Op hierdie wyse is Benson se sukses aansienlik verminder. Op 12 Oktober het hy in elk geval Middelburg bereik om uit te rus en sy voorrade aan te vul.[26]

Terwyl die kolonne in Middelburg vertoef het, is dit onder die aandag van genl. Botha gebring. Een van Botha se verkenners, Piet Jooste, het nl. die telegraafdrade tussen Middelburg en Pretoria met sy afluisterapparaat, die sg. vibrator, „getap". Toe hoor hy hoe Benson aan lord Kitchener laat weet dat hy Middelburg op 20 Oktober in die rigting van Bethal sou verlaat. Jooste het dit direk aan genl. Botha gerapporteer.[27]

Kort hierna is Botha se aandag ook van die kant van komdt. H. S. Grobler van Bethal op Benson se kolonne gevestig. Dit was twee dae na Benson se vertrek toe hy by Roodebloem aan die Steenkoolspruit gelaer was.[28] Botha, wat baie neerslagtig was na sy mislukte poging om Natal binne te val[29], moes ongetwyfeld regop gaan sit het by die hoor van die nuus. Hy het 'n dubbele rede gehad om 'n aanval op Benson te waag: Benson het die Boere soveel las besorg, dat dit wenslik was om hom uit die weg te ruim, en dit sou terselfdertyd 'n geleentheid wees om wraak te neem vir die mislukte tog na Natal.

Intussen het die Boere-afdelings in die omgewing van Bethal soos 'n swerm bye om die kolonne van Benson saamgepak. Die kolonne, wat uit ongeveer 1 650 man bestaan het, was soos volg saamgestel: die derde bataljon Mounted Infantry onder maj. Anley; die 25ste bataljon M.I. onder kapt. Eustace; die tweede bataljon Scottish Horse onder maj. Murray, die tweede bataljon Buffs (infanterie) onder maj. Dauglish en die 84ste battery onder kol. Guiness. Die konvooi het uit 350 waens bestaan.[30]

Op 25 Oktober het daar 'n skerp geveg tussen Benson en die Boere wat hom al sedert die 22ste agtervolg het, ontstaan. Die Bethalse en Middelburgse kommando's onder leiding van komdte. H. S. Grobler en Willie Steyn het die kolonne op die plaas Mooifontein aangeval. Terwyl kol. Guiness se kanonne en pom-poms hulle kwaai onder die bomme gesteek het, het die verkennerskorps van kapt Koos Naudé ook bygekom. Na 'n vlugtige krygsraad het Naudé die vyand op die linkerflank bestook, en Grobler en Steyn van die regterkant. Hoewel die Boere te min was om die Engelse 'n gevoelige slag toe te dien, het hulle tog 17 man doogeskiet en die Britse aanvoerder gedwing om sy flanke in te trek en net op sy marsrigting te konsentreer. Kort daarna het Benson besluit

26. Amery: Times History, V, p.362.
27. Die Huisgenoot( 12/5/1939, artikel van Evert Dommisse
28. Ackermann: Opsaal, p.63.
29. Vgl. Scholtz: In Doodsgevaar, pp. 168-169.
30. Amery: Times History, V, p.362.

om die Bethalse distrik nie verder binne te dring nie, maar om terug te keer na Middelburg.[31]

'n Ontleding van die strategiese situasie op hierdie tydstip bring betekenisvolle feite na vore. Kol. Benson se kolonne het deel gevorm van 'n groot dryfjag van altesaam sewe kolonnes op die Hoëveld. Die kolonnes in so 'n dryfjag moes gewoonlik voeling met mekaar hou en in koördinasie optree om die Boere teen 'n blokhuislinie vas te druk. Benson was egter teen hierdie tyd so ver van die ander verwyderd, dat hy totaal geïsoleerd was. Hierdie feit moes ongetwyfeld sy beslissing om na Middelburg terug te keer, asook genl. Botha se beslissing om hom aan te val, beïnvloed het.

Terwyl Benson noordwaarts getrek het, het die Boere (wat hulle onder die bevel van komdt. Grobler gestel het), volgehoue nagtelike prikaanvalle op die kolonne gedoen. In die beste guerillatradisie het hulle snel toegeslaan, 'n paar skote afgevuur en weer verdwyn. Dié taktiek het 'n tweeledige uitwerking gehad. In die eerste plek het dit die Engelse soldate sielkundig sowel as fisiek uitgeput. Hulle moes elke oomblik gespanne bly, bedag op 'n aanval. En as die aanval dan gekom het, het dit onverwags gekom. Voordat hulle dan nog behoorlik tot verhaal kon kom en terugslaan, was die vyand al weer weg, met 'n paar gesneuweldes of gewondes in die kolonne as tasbare bewys van die konstante gevaar. As 'n soldaat kan sien waarteen hy veg, kan hy ontsettend veel verduur. Maar is dit iets geheimsinnigs wat uit die niet toeslaan en snel weer retireer, raak hy gou gedemoraliseerd. En dit is presies wat hier gebeur het. By 'n beskrywing van die onderhawige veldslag mag dit beslis nie uit die oog verloor word nie.[32]

In die tweede plek het Grobler se prikaanvalle verhinder dat Benson sy gebruiklike mobiele kolonne kon uitstuur om Boere te vang.[33] So moes Benson dan tevrede wees met die 42 gevangenes en die aantal vroue en kinders wat hy van hul plase verwyder het.[34]

Die aand van 29 Oktober het Benson te Zwakfontein[35], sowat 24 km. noordwes van Bethal gekampeer. Sy doel was om die volgende dag na Brugspruit, 'n stasie op die spoorlyn ten weste van Middelburg en sowat 56 km ver weg, te marsjeer.[36] Op hierdie stadium was hy wel bewus van die toenemende Boere-aktiwiteite om sy kolonne, maar min het hy kon droom dat genl. Botha vroeër die middag self met nog ses kommando's in die omgewing aangekom het.

Nadat Botha besluit het om Benson aan te val, het hy sy kommando's van wyd en syd opgeroep en self die 120 km. vanaf Ermelo in vyf skofte

31. Official History, IV, p.170; Ackermann; Opsaal, pp.66-68; Scholtz: In Doodsgevaar, p.170. Lg. gee die datum van die geveg aan as 24 Oktober, maar dit is blykbaar verkeerd.
32. Ackermann: Opsaal, pp. 59-60.
33. Ibid., p.65.
34. Official History, IV, p.306.
35. Volgens die Official History is dit Syferfontein (IV, p.306).
36. Amery: Times History, V, p.365.

afgelê.[37] „So rapid, thoroughly screened and accurately timed was his march, that beyond a general apprehension that he might appear in the Bethal district, no hint of his movements reached British ears until he had appeared on the battlefield of Bakenlaagte at the decisive phase of the action."[38]

Onmiddellik nadat Botha op die toneel gearriveer het, het hy al die offisiere ontbied en 'n krygsraad belê. Sy plan was om die Engelse kolonne van twee kante te bestorm. Genl. Piet Viljoen met sy twee Heidelbergse kommando's het bevel gekry om die Britte, terwyl hulle aan die trek was, van voor af te stuit, en veral te verhinder dat hulle 'n sekere hooggeleë heuwel as steunpunt verkry. Om dit te verhinder, moes die kraalmure op die plaas Nooitgedacht beset word. Intussen sou die ander kommando's onder homself en genls. Coen Brits en Hans Grobler die kolonne van agter pak.[39]

Na die krygsraad het Botha te Vaalkop, nie ver van die kolonne nie, oornag. Hy het beveel dat hy elke twee uur ingelig moes word oor die doen en late van kol. Benson. Alle perde moes opgesaal bly, en elke burger moes voor sy perd slaap, sodat daar maklik tot aksie oorgegaan kon word.[40]

Om 0400 uur, 30 Oktober, het die kolonne begin trek in die rigting van die plaas Bakenlaagte. Dit is dadelik aan genl. Botha gerapporteer.[41] Nou kon niks die naderende slagting meer afwend nie. *Iacta est alea* — die teerling is gewerp.

## IV. *Die Slag self*

Toe kol. Benson sy kampplek verlaat, was sy kolonne soos volg saamgestel: die voorhoede is bewaak deur 'n paar afdelings berede infanterie, terwyl die konvooi onder begeleiding van berede infanterie, gewone infanterie en 'n paar kanonne was. Die agterhoede het bestaan uit 180 berede infanteriste, een kompanie infanteriste en een pom-pom, onder bevel van maj. Anley.[42] Dit is belangrik om hierdie ontplooiing in gedagte te hou by die verdere verloop van die slag.

Onmiddellik nadat die kolonne soos 'n lang wurm na die Steenkoolspruit begin afsak het, het komdt. Grobler die Engelse van agter en op die flanke aangeval. Veral veldkornet Piet Erasmus het die wêreld vir hulle op die regterflank baie moeilik gemaak. Die doel hiervan was om Benson soveel moontlik te vertraag, totdat genl. Botha met die

37. Die Huisgenoot, 29/11/1935, artikel van Johannes Bührmann; Die Huisgenoot, 12/5/1939, artikel van Evert Dommisse.
38. Amery: Times History V, p.367.
39. Ackermann, Opsaal, p.70; Die Huisgenoot, 10/6/1938, artikel van E. J. Weeber; Die Huisgenoot, 12/5/1939, brief van N. J. Grobler; Tilemann, Tagebuchblätter, p.331.
40. Ackermann: Opsaal, pp.70-71. Vgl. ook Preller-versameling 78, j.144, herinneringe van P. A. Vermeulen en Die Huisgenoot, 29/11/1935, artikel van Johannes Bührmann.
41. Ackermann: Opsaal, p.71. Vgl. ook Die Huisgenoot, 12/5/1939, artikel van Evert Dommisse; Die Hoëvelder, 9/11/1951.
42. Amery: Times History, V, pp.365-366.

ander burgers tot die veldslag toetree.[43] Om ongeveer 0900 uur het 'n onbegaanbare drif deur die Steenskoolspruit 'n hele paar uur oponthoud veroorsaak.[44]

Dit was die omstandighede toe genl. Botha self omstreeks om 1200 uur op die toneel opgedaag het. Waarom hy so laat aangekom het is onduidelik; miskien het die gietende reën iets daarmee te doen gehad.[45] Sy aankoms het in elk geval 'n dramatiese wending in die taktiese situasie beteken. Met sy fyn taktiese insig het hy nou net gewag op die regte oomblik om aan te val.

Bothat het altesaam ongeveer 1 200 man tot sy beskikking gehad.[46] Hierdie getal is ontplooi in 'n wye halfmaan agter om die kolonne, en relatief in posisie gebly, soos die kolonne voortbeweeg het.[47] Volgens die *Times History* het Botha hiervan sowat 800-900 man teenoor die Engelse agterhoede gekonsentreer.[48]

Skaars 'n uur na sy aankoms, het Botha sy kans gesien. Twee waens van die konvooi, belaai met allerlei lekkernye vir die offisiere, het in die modder vasgeval. Maj. Anley het met die agterhoede agtergebly om hulle uit te trek, terwyl die res van die kolonne voortgetrek het om die kraalmure op die plaas Nooitgedacht te beset. Twee kanonne onder kol. Guiness het op 'n randjie tussen Nooitgedacht en die vasgevalle waens (sien posisie B op die kaart) posgeneem.[49] Botha het dadelik die Engelse onder druk geplaas. Die haelbui koeëls het Anley laat besluit om die waens prys te gee en te retireer na 'n randjie voor die kanonne (sien posisie A op die kaart). Intussen het kol. Benson self die konvooi verlaat en hom met 100 ruiters na Anley gehaas, met die doel om die twee vasgevalle waens te red. Hy het dadelik gesien dat Anley se posisie onverdedigbaar was, en die bevel gegee om nog verder terug te trek na randjie B, waar kol. Guiness nog steeds gewag het.[50]

Dit was net waarop Botha gewag het. Met 'n swaai van die hoed het hy die hele berede Boerelinie, wat soos 'n gespanne staalveer oorgehaal was, in beweging gebring.[51] Donderend het hulle op die retirerende Britte afgejaag. „So grand and terrible a spectacle had not been seen

43. Ackermann: Opsaal, p.72; Amery: Times History, V, p. 366; Die Hoëvelder, 9/11/1951.
44. Amery: Times History V, p.366; Official History IV, p.306.
45. Vgl. Scholtz: In Doodsgevaar, p.171; Preller-versameling 78, p.144, herinneringe van P. A. Vermeulen.
46. Vgl. Ackermann: Opsaal, p.70; Die Huisgenoot, 10/6/1938, artikel van E. J. Weeber; Preller-versameling 81, verklaring van C. Kidson. Andre bronne wissel in die getal Boere wat hulle opgee van 250 tot 450 man, maar aangesien die getal kommando's en korpse (agt en drie onderskeidelik) wat in die slag betrokke was, lyk 1 200 tog die mees aanvarbare getal.
47. Tilemann: Tagebuchblätter, p.131.
48. Amery: Times History V, p.369.
49. Ibid., p.367; Tilemann: Tagebuchblätter, p.331.
50. Amery: Times History V, p.367; Official History IV, pp.308-309; Tilemann: Tagebuchblätter, p.330; Preller-versameling 78, p.144, herinneringe van P. A. Vermeulen.
51. Preller-versameling 78, p.144, herinneringe van P. A. Vermeulen.

nor had the earth so shaken on any battlefield in South Africa", het 'n Britse historikus later geskryf.[52]

Angsvallig het die Engelse probeer om die beskerming van die posisie voor hulle te bereik. Twee afdelings van die infanterie en 'n deel van die Scottish Horse het dit egter nie gehaal nie. Volgens Johannes Bührmann het hulle „die voetgangers in die bo-ent van die laagte (d.w.s. net voor posisie B — sien kaart) feitlik platgery".[53] Sonder om die impetus van die stormloop te verminder, is hulle ontwapen en na agter gestuur. Skuins van regs en links het ook ander Boereruiters ingestroom op die hakke van die vlugtende Engelse. Net betyds het die Britte kol. Guiness met sy twee kanonne bereik. Onmiddellik het hulle van hul perde afgespring en 'n hewige vuur op die aanstormende Boere geopen. Dit het die Boere weer genoop om op hulle beurt ook af te spring.[54] Op sommige plekke was hulle so naby as 50 treë van die Engelse af, op ander plekke weer tot 200 treë ver[55], sodat hulle mekaar soms selfs kon hoor praat.[56] In die laagte voor die Engelse, waar hulle afgespring het, kon hulle nóg vanaf posisie B, nóg vanaf posisie C (waarheen 'n deel van die berede infanterie gevlug het geraak word.[57]

Intussen het die stortreën ook opgeklaar en verander in 'n fyn misreën.[58]

Voorlopig het die geveg nou 'n meer statiese karakter aangeneem. Daarom sou dit goed wees om eers die taktiese situasie van die oomblik in oënskou te neem. Die Engelse agterhoede, met die kanonne, het uitgespreid op die randjie (posisie B — sien kaart) gelê. 'n Klein afdeling berede infanterie was sowat 1 200 meter regs van Benson se mag (posisie C). Hulle het nie aktief aan die geveg deelgeneem nie. Die konvooi, waarvan die bevel intussen op die skouers van kol. Wools-Sampson geval het, het reeds by Nooitgedacht aangekom en hulleself begin verskans. Wools-Sampson het dadelik verskeie afdeling uitgeplaas om hom teen sekondêre aanvalle te beskerm. Kapt. Crum is met 'n kompanie infanterie en 'n kanon op 'n klein koppie, 1 700 meter wes van Benson geplaas. Twee kilometer noordwes van Crum is 'n soortgelyke mag onder kapt Lynes gestasioneer. Op ongeveer dieselfde afstand, oos van Nooitgedacht, was nog troepe.[59]

Soos reeds beskryf, het Benson sy konvooi verlaat en hom by die agterhoede gevoeg. Daarmee het hy ongetwyfeld 'n groot taktiese flater begaan. Hy het nl. sy bevelspos verlaat en so die volledige beheer oor

52. Official History IV, p.130.
53. Die Huisgenoot, 29/11/1935, artikel van Joh. Bührmann.
54. Amery: Times History V, p. 370; Official History IV, pp. 309-311; Die Huisgenoot, 29/11/1935, artikel van Joh. Bührmann; Preller-versameling 78, p.144, herinneringe van P. A. Vermeulen.
55. Preller-versameling 34, p.674, brief van genl. P. R. Viljoen aan komdt P. Uys, 12/11/1901; Ackermann, Opsaal, p.77.
56. Johanna Brandt, Die Kappiekommando (Kaapstad, 1915), p.329.
57. Amery: Times History V, p.370.
58. Ackermann: Opsaal, p.73. Vgl. ook Die Huisgenoot, 29/11/1935, artikel van Joh. Bührmann.
59. Amery: Times History, V, p.369.
28. Lyons, *British Objectives*, p.11.

die slag prysgegee. By die agterhoede kon hy slegs 'n beperkte invloed uitoefen. Uit die feit dat hy nog die twee vasgevalle waens wou red, blyk dat hy verreweg nie die erns van die toestand besef het nie.

Aan Boerekant was die meeste kommando's om die agterhoede van Benson gekonsentreer. Op die kaart is die posisies van die verskillende kommando's, vir sover as wat dit uit die bronne afgelei kan word, aangegee. Aan die regterkant het die Boerelinie die Engelse agterhoede omvleuel, sodat hulle die vyand vanuit die dwarste kon bestook.[60] Aan die linkerkant van die groot Boerehalfmaan, teenoor die afdelings van Crum en Lynes, het die verkennerskorpse van kapts. Koos Naudé en Gert van Rensburg gelê. Hulle was min of meer in 'n onafhanklike posisie.[61]

Op alle kaarte (d.w.s. in die *Times History, Official History* en in die artikel van Evert Dommisse — lg. kaart is ter plaatse deur mnr. Nico Snyman, vroeër landmeter-generaal van Transvaal, opgestel en moet as die betroubaarste beskou word) word aan die oostekant van die slagveld ook 'n aantal Boeremagte aangedui. Wie hulle was, kon nie met sekerheid vasgestel word nie. Vermoedelik was dit die twee Heidelbergse kommando's wat, soos hierna sal blyk, nie aan die werklike geveg deelgeneem het nie.

Soos in die derde afdeling vehaal, het genl. Piet Viljoen met die Heidelbergers van genl. Botha die opdrag gekry om die Britse kolonne van voor te stuit, en om die kraalmure van Nooitgedacht as steunpunt te beset. „Ja, wenn das nur geschehen wäre, dann wären die Engländer arg in die Patsche geraten", het dr. Tilemann spytig in sy dagboek aangeteken.[62] In die eerste plek het genl. Viljoen nie eens by sy mense aangesluit nie, maar by die hoofmag gebly.[63] Die vraag kan daarom seker met reg gestel word of hy genl. Botha se bevele hoegenaamd aan sy burgers oorgedra het. Toe 'n aantal Heidelbergers bv. hoor hoe die slag in alle hewigheid woed, het 'n paar van hulle volgens mnr. N. J. Grobler aan hulle kommandant, Pretorius, gesê: „Kommandant, hoor daar!" Maar Pretorius se antwoord was: „Die Generaal het my bevel gegee om hier te bly totdat ek weer van hom hoor!"[64] Hierdie reaksie van komdt. Pretorius wek onvermydelik die indruk dat hy inderdaad geen konkrete bevele van Viljoen ontvang het nie. Slegs sewe Heidelbergers het hul teen die bevele van hul offisiere na die gevegstoneel begeef om te help.[65]

Genl. Viljoen was beslis nou nie die briljanste aanvoerder wat die Boere in die Tweede Vryheidsoorlog gehad het nie. Sy oorlogsrekord

60. Die Huisgenoot, 29/11/1935, artikel van Joh. Bührmann; Preller-versameling 81, p.122, verklaring van C. Kidson.
61. Scholtz: In Doodsgevaar, p.171.
62. Tilemann: Tagebuchblätter, p.331. (Ja, as dit maar gebeur het, dan het die Eengelse ern in die noute geraak.)
63. Die Huisgenoot, 29/11/1935, artikel van Joh. Bührmann; Preller-versameling 81, p.121, verklaring van C. Kidson.
64. Die Huisgenoot, 12/5/1939, brief van N. J. Groebler.
65. Ackermann: Opsaal, pp.87-88.

is onindrukwekkend. Sy rapporte aan genl. Botha was altyd so vol godsdienstige vermaninge en leringe, dat adv. N. J. de Wet, Botha se militêre sekretaris, by ontvangs van 'n brief van Viljoen altyd opgemerk het: „O, dat is weer van 't Godsalig miskoekje!"[66]

Volgens die *Official History* was daar inderdaad 'n paar Boere te Nooitgedacht toe die voorhoede van die kolonne daar aankom, maar dié het hulle vinnig uit die voete gemaak.[67] Daarby het die paar Boere wat verder in die omgewing was, by 'n verlate opstal afgesaal, beskutting teen die reën gesoek en rustig koffie gedrink, sonder om hulle aan die geveg te steur.[68]

Slegs een opmerking oor hierdie saak is nog nodig. In die volledige bewussyn van sy nalatigheid het Viljoen 'n paar dae na die slag geskryf (wat dit onvermydelik 'n skynheilige weerklank laat kry): „De Heidelberg comando was met de grote regen wat achter — waren zy by dan hadden wy het gehele kamp."[69]

Sodanig was dan die taktiese situasie voordat die drie uur lange man-teen-man-geveg 'n aanvang geneem het. Nadat die Boere in die laagte voor die randjie afgespring het, het hulle versigtig vorentoe beweeg deur die miershope en lang gras as dekking te gebruik. Eers vlak voor die Engelse is hulle gedwing om plat te val.[70] In hierdie soort geveg het die Boer uitgemunt — hy was te voet net so 'n goeie vegsman as te perd, soos die stormlope te Platrand, Nooitgedacht, Moedwil en Groenkop getuig.

Met sowat 20 tot 30 meter tussen die opponerende troepe, het daar 'n hewige skietery losgebars. Waar die een sy kop of ander liggaamsdeel gewys het, is hy onmiddellik deur een, twee, drie koeëls wat soos venynige bye rondgesnerp het, deurboor. Veral die Engelse het swaar te verduur gehad en heelwat verliese gely. Daarenteen was die Engelse se vuur meestal hopeloos te hoog gerig. Mnr. H. D. Pohl skryf bv.: „My geweer was nou so warm dat ek hom moes weggooi en dié van 'n gesneuwelde Tommie vat. Tot my verbasing moes ek egter bespeur dat die versier van die Tommie se geweer nog op sewentienhonderd treë gestel was."[71]

Tydens die geveg het genl. Botha telkens tussen die huiweriges ingespring en hulle met sy sambok getakel.[72] Dit kon egter nie die swak dissipline wat dwarsdeur die oorlog soos 'n donker wolk bo die Boeremagte gehang het, verbeter nie. Seker meer as die helfte van die Boere

66. Brief van Hans Oosterhagen aan mnr. Aart van den Hoek, 24/4/1952, in besit van mnr. Van den Hoek, Lange Zijde 49, Zevenhuizen (Z.-H.), Nederland.
67. Official History, IV, p.306.
68. Tilemann, Tagebuchblätter, p.331.
69. Preller-versameling 34, p.675, brief van genl. Viljoen aan komdt. P. Uys, 12/11/1901.
70. Tilemann: Tagebuchblätter, p.332; Die Huisgenoot, 29/11/1938, artikel van Joh. Bührmann.
71. Die Huisgenoot, 24/2/1939, artikel van H. D. Pohl.
72. Preller-versameling 81, p.110, verklaring van D. Naudé.

het die slagveld tydens die geveg weens honger en koue verlaat.[73] Was die Boere hier 'n gedissiplineerde mag, kon hulle die Engelse nog veel sneller oorwin het. Dit was die keersy van die Boere-dapperheid.

Aan Engelse kant het dit ook nie aan moed ontbreek nie. „Heldenmütig verteidigten die Engländer ihre Geschütze, obschon sich die Leichen und Verwundeten um die Geschütze aufhäuften".[74] Die kanonne kon elk slegs 'n paar skote met skroot en bomme afvuur, voordat hulle bedienings almal afgemaai is. Tweemaal is perde aangebring om die kanonne weg te sleep, en tweemaal is die perde en die soldate met hulle platgeskiet.[75] Kol Guiness het hierdie pogings met heldemoed gelei, maar moes self met sy lewe boet. P. C. Joubert gee 'n pragtige beskrywing hiervan.[76] Intussen is Benson in die knie gewond, maar hy het onversaagd tussen sy troepe rondgekruip en bevele uitgedeel, en so 'n skitterende voorbeeld gestel.[77]

Die toestand kon nie vir 'n onbepaalde tyd lank so voortduur nie. Vroeër of later moes daar 'n wending kom. Kort voor 1700 uur het Benson een van sy manskappe, 'n sekere Grierson, beveel om na die kamp te gaan en versterkinge te haal. Net toe hy opstaan, tref 'n koeël hom in die voet en deur defleksie, vir Benson in die maag. Dié wond sou dodelik blyk te wees. Die Engelse vuur het nou aanmerklik begin verflou, en dit het nie ongemerk aan die Boere verbygegaan nie. Die einde was snel. „In another minute, the whole Boer line, four or five deep, rose up like one man and stood firing indiscriminately at everything that moved on the ridge." Vol krygsdrif het hulle vorentoe gestorm en die Engelse linie opgefrommel.[78] Veldkornet Koos de Viliers van Bethal het op 'n kanon gespring en uitgeroep: „Hoera, dis my kanon!"[79] Die hele randjie was nou in Boerehande.

Ongeveer dié tyd het genl. Botha, wat die slag vanuit sy bevelspos met sy verkyker dopgehou het, 'n heliogram aan waarnemende pres. Schalk Burger in Ermelo gestuur, waarin hy o.a. die volgende gesein het: „Wij vechten zwaar en hardt sedert vroeg heden ochtend en gevecht ga nog voort, de officieren en burgers stormde keer op keer zoo dapper als de dapperste kon wees. De verlies van vyand aan doden en gewonden die in ons handen viel is verschrikkelyk groot . . . Laat ons de God onzer Vaderen voor zijn goedheid en oprechtheid dankbaar zijn."[80]

73. Schalk Burger-versameling 1, heliogram van genl. Botha aan wnd. pres. Burger, 30/10/1901.
74. Tilemann, Tagebuchblätter, p.332. (Met heldenmoed het die Engelse hul kanonne verdedig, hoewel die lyke en gewondes om die kanonne opgehoop het.)
75. Amery: Times History, V, p.371; Die Huisgenoot 12/5/1939, artikel van Evert Dommisse; J. I. Rademeyer; die slag van Bakenlaagte, p.180, in Historia, 1958.
76. H. C. J. Pieterse: My Tweede Vryheidstryd, die oorlogsherinneringe van P. C. Joubert (Kaapstad, 1945), pp.152-154. Hy beweer dat dit Benson self was, maar uit Ackermann blyk dat dit wel deeglik Guiness was (Opsaal, p.89). Vgl. ook Official History, IV, p.311.
77. Amery: Times History, V, p.371.
78. Ibid., p.374. Vgl. ook Official History, IV, pp.313-314.
79. Ackermann: Opsaal, p.79.
80. Schalk Burger-versameling 1, heliogram van genl. Botha aan wnd. pres. Burger, 30/10/1901

Intussen het die seëvierende Boere die verowerde kanonne omgedraai en op die Engelse kamp gerig. Twee skote is afgevuur voordat komdt. Grobler dit verbied het met die oog op die vroue en kinders in die kamp.[81] 'n Klompie van die Pretorianers het selfs nog deugedruk om die kamp te bestorm, maar is om dieselfde rede deur komdt. Prinsloo teruggeroep.[82] Omdat daar dan ook geen ondersteuning voor gebied is nie, is 'n sekondêre aanval van kapts. Naudé en Van Rensburg op die uiterste linkerflank ook teruggeslaan.[83]

Die Boere kon in elk geval nie te lank in die verowerde posisies bly nie. Toe die Engelse in die kamp agterkom dat die randjie verlore was, het hulle artillerie al hul bitterheid en wraaksug op die Boere begin uitbraak. Die gevolg was dat die posisie waarom daar met soveel bloedvergieting gestry is, weer prysgegee moes word.[84] Maar direk nadat die bombardement weer gestaak is uit vrees vir die gewondes, het die Boere weer ingestorm en die twee kanonne o.l.v. velkornet Piet Erasmus weggesleep.[85].

Laat die middag het 'n boodskapper komdt. Grobler kom roep. Benson wou aan hom persoonlik oorgee.[86] Daarmee het Grobler die krediet gekry wat hom toegekom het. Dit was immers hy wat Benson dae lank in die noute gebring het en die klimaat vir genl. Botha se oorwinning geskep het.

V. *Afloop en Konklusie*

Van die slagveld is kol. Benson na die Engelse kamp gebring, waar hy algaande verswak het. Teen 0600 uur, 31 Oktober, het hy sy laaste asem uitgeblaas.[87] Sy laaste woorde was: „We shall do no more night marching; it is all day now. Good-bye. God bless you."[88] So het seker een van die dapperste en vindingrykste offisiere in die Britse leër gesterf.

Nog tydens die geveg het kol. Wools-Sampson iemand vooruit na Brugspruitstasie gestuur om hulp te soek. Vroeg die oggend van 31 Oktober het dit gearriveer in die vorm van 'n kolonne onder genl. George Hamilton. Saam het hulle na Brugspruit getrek om vandaar op die trein te klim.[89]

Sonder enige twyfel kan gekonstateer word dat die Engelse 'n groot neerlaag gely het. Van die 280 man wat saam met Benson op die

81. Preller-versameling 34, pp.675-676, brief van genl. P. R. Viljoen aan komdt. P. Uys, 12/11/1901.
82. Die Huisgenoot, 24/2/1939, artikel van H. D. Pohl.
83. Scholtz: In Doodsgevaar, p.172.
84. Die Huisgenoot, 12/5/1939, artikel van Evert Dommisse; Official History, IV, p.314.
85. Ackermann: Opsaal, p.84; J. I. Rademeyer: Die Slag van Bakenlaagte, p.181, in Historia, 1958.
86. Ackermann: Opsaal, p.83.
87. Amery: Times History, V, p.375.
88. H. W. Wilson: After Pretoria, the Geurilla War, II, (Plek van uitgawe nie vermeld, 1902), p.838.
89. Official History, IV, p.315.

randjie was, het slegs 17 ongedeerd gebly.[90] Volgens 'n opgrawing van die oorlogsgrafte in die sestigerjare, het daar altesaam 77 Engelse die lewe gelaat, terwyl daar 161 gewondes was.[91] Die Boereverliese was volgens genl. Botha 52 gedood en gewond.[92]

In die slag van Bakenlaagte het Botha weer eens bewys watter goeie veldheer hy was. Volgens Liddell Hart is die doel van strategie nie soseer om die vyand se weerstand te breek nie. „*Its purpose is to diminish the possibility of resistance*, and it seeks to fulfil this purpose by exploiting the elements of *movement* and *surprise*."[93]

Aan al drie vereistes voldoen die strategie van Botha. Hy het juis Benson se kolonne uitgekies wat geïsoleerd was, om so die moontlikheid van weerstand te verminder. Sy snelmars vanaf Ermelo en die gepaardgaande element van verrassing het die Engelse verder in verwarring gebring. Dit, gekombineer met die sielkundige uitwerking van komdt. Grobler se prikaanvalle voor 30 Oktober, het meegebring dat Botha al die strategiese voordele aan sy kant gehad het.

Ook wat die taktiese sy van die saak betref, het Botha met die meeste troefkaarte gesit. Hy het gesorg dat hy in die sentrale gevegsektor 'n oormag kon konsentreer — 800-900 man teenoor ongeveer 280. Daarby het Botha bewys dat hy 'n gevoel gehad het vir wat Liddell Hart die „indirect approach" noem. Hy skryf daaroor dat die „dislocation of the enemy's psychological and physical balance has been the vital prelude to a successful attempt at his overthrow".[94] Die oomblik wat Botha uitgekies het om aan te val, het ooreenkomstig die uitspraak van Liddell Hart 'n besliste voordeel ingehou: dit het die vyand volledig uit sy ewewig gevang en gesorg dat hulle nie in voorbereide stellings die aanval kon afwag nie. Daarmee is die natuurlike voordeel wat die verdediging bo die aanval het, grootliks verminder.

Botha se hele gevegsplan — waarin hy so skromelik deur die Heidelbergers in die steek gelaat is — is 'n verdere bewys hiervan. Die Heidelbergers moes die vyand tesame met Botha maar van die teenoorgestelde kant aanpak. Dat hulle daarin gefaal het, is sekerlik nie sy skuld nie. Indien sy bevele behoorlik tot uitvoering gebring was, sou die Engelse neerlaag nog groter gewees het. Soos dit was, kon die oorwinning nie afgerond word nie.


Ook volgens die kriteria van ander skrywers het Botha 'n goeie taktiek gevolg. Veldmaarskalk Montgomery gee die volgende sewe kriteria waaraan 'n aanvoerder se taktiek behoort te voldoen: (a) Hy moet die element van verrassing hê; (b) Hy moet sy gevegskrag konsentreer; (c) Hy moet sorg dat alle afdelings goed saamwerk; (d) Hy moet die verloop van die geveg goed kan beheer; (e) Sy gevegsplan moet eenvoudig wees;

90. Amery: Times History, V, p.374.
91. Vgl. ibid. en Ackermann: Opsaal, p.97.
92. Preller-versameling 10, p.36, brief van genl. L. Botha aan genl. C. Botha, 4/11/1901.
93. B. H. Liddell Hart: Strategy (New York, s.j.), p.337. Die kursiverings is van die skrywer.
94. Ibid., p.25.

(f) Sy optrede en bewegings moet snel wees en (g) Die inisiatief moet behou word.[95] Van hierdie punte kon Botha slegs (c) en (d) nie behoorlik toepas nie. Maar dít was genl. Piet Viljoen se nalatigheid, nie dié van Botha nie. Botha kan hoogstens in sy keuse van 'n aanvoerder gekritiseer word.

Wat was die gevolge van Bakenlaagte? Die Britse leërowerhede het die saak baie ernstig beskou. „If a column like Benson's", so het Kitchener aan Broderick, die Britse minister van Oorlog, geskryf, „operating 20 miles outside our lines is not fairly safe, it is a very serious matter and will require a large addition to our forces to carry on the war."[96] Kitchener se vrese blyk agterna egter ongegrond. Hoe skitterend die Boere se oorwinning by Bakenlaagte ook al was, dit kon niks aan die uitslag van die oorlog verander nie. Bakenlaagte was die laaste groot slag wat op die Hoëveld gevoer is. Nie lank daarna nie, het die wêreld vir genl. Botha so warm geword dat hy die Hoëveld moes verlaat, en hom na die suidooste van Transvaal moes begeef. Op 31 Mei 1902 is die Vrede van Vereeniging gesluit. Die Engelse strategie om alle inwoners in die distrikte in konsentrasiekampe byeen te bring, die land te verwoes en om dit met blokhuislinies op te sny om die Boere se bewegingsruimte so te beperk, het die Republikeinse magte op hul knieë gedwing. Daarteen kon taktiese oorwinnings nie veel uitrig nie.

Nogtans bly veldslae soos Bakenlaagte uiters belangrik, omdat dit tipiese voorbeelde is van die taktiek wat „ongeleerde" Boeregeneraals deur hul natuurlike intuïsie en deur die harde praktyk geleer en toegepas het.




BRON : DIE HUISGENOOT, 12-5-1939.

95. Montgomery of Alamein: A History of Warfare (Londen, 1968), p.21.
96. Aangehaal in F. V. Engelenburg: Generaal Louis Botha, p.63.